

## Die Volksblad

Getal Noord-Kapenaars met asbesverwante siektes bly styg

Jul 07 2008 11:12:22:133PM - (SA)

*André Botha*

KURUMAN. – Tussen 30 en 50 nuwe gevalle van die asbesverwante siekte mesoteliom word elke maand in die Kimberley-hospitaal behandel.

Dié skokfeit is met dr. Daniel Osei-Fofi van dié hospitaal bevestig, sê mnr. Johnny Swart, voorsitter van die Asbestos Coordinating Committee of Kgalagadi (ACCK).

Die ACCK is in Maart 2008 gestig om hom onder meer te beywer vir vergoeding aan asbesslagoffers wat nie in asbes-myne gewerk het nie. Slegs slagoffers wat in asbesmyne gewerk het, kom nou in aanmerking vir vergoeding.

Die gebied rondom Kuruman en Prieska het die hoogste voorkoms van asbesverwante siektes in die wêreld. Die grootste gedeelte van die wêreld se asbesproduksie het uit dié streek gekom.

Volgens Swart kom die meeste van die nuwe pasiënte uit die gebied van Kuruman, Daniëlskuil en Prieska-Kougas.

Inwoners van die streek word steeds daaglik aan asbes blootgestel, hoewel alle asbesmyne lankal gesluit is.

Benewens asbes wat in geboue en strate gebruik is, is daar talle plekke waar asbesstukkies op die grond lê.

Swart sê grondpaaie van sowat 300 km in die streek bevat asbes.

Die Kgalagadi-distriksmunisipaliteit ontvang egter net genoeg geld om jaarliks 5 km van dié paaie te rehabiliteer.

Swart sê die ACCK gaan 'n verslag aan die parlement stuur om parlamentslede bewus van die probleem te maak en hul dringende optrede te versoek.

Mense word nou versoek om besonderhede van familie en vriende, wat asbesverwante siektes het, aan die ACCK te stuur vir insluiting in die verslag.

Hy sê die ACCK wil die regering versoek om 'n nasionale vergoedingsfonds vir asbesslagoffers te stig.

Die regering gaan ook versoek word om 'n veilige omgewing vir elke mens in die groter Kuruman-omgewing te skep.

Die terreine van minstens 39 skole in die streek is met asbes besmet, en kinders word dus daaglik blootgestel.

Hoewel asbessiektes ongeneeslik is, kan behandeling help as dit vroeg genoeg gediagnoseer word.

Die koste is egter enorm, R6 000 per behandeling elke twee weke vir staatspasiënte, en R23 000 per behandeling vir private pasiënte.

Swart sê die Kgalagadi-distriksmunisipaliteit het die asbeskwessie by die geïntegreerde ontwikkelingsplan ingesluit, en die ACCK word deur die distriksmunisipaliteit se burgemeester, me. Sarah Mereetlhe, ondersteun.

- Mense wat hul besonderhede aan die ACCK wil deurgee, kan dit stuur aan: Die Voorsitter, Asbestos Coordinating Committee of Kgalagadi, Posbus 2733, Kuruman, 8460. Die telefoonnommer is (053) 712-3428, die faksnommer (053) 712-3375, en die e-posadres [fwilliams@asbestostrust.co.za](mailto:fwilliams@asbestostrust.co.za). 'n Versoekskrif ter ondersteuning van die verslag aan die parlement is ook by die Asbestos Relief Trust se kantoor in Federale Mynboustraat, Kuruman, beskikbaar.

[Teken in op Volksblad](#)